Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 04 • JULY / AUGUST 2021



**COVER CROPS AND NEMATODE MANAGEMENT: TOLERANCE TO *MELOIDOGYNE ENTEROLOBII***

**WES-VRYSTAATSE KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP BULTFONTEIN**

**Pesticide maximum residue limits and market access**

**Tendense op varsproduktemarkte**

**PSA small grower development programme in Limpopo**

# Markmonitor (Deel 2): Die eerste 21 weke van 2021 op varsproduktemarkte

Deur Janó Bezuidenhout en Pieter van Zyl, Aartappels Suid-Afrika

Om en by teen die middel van Maart vanjaar, het die gemiddelde markprys 'n opwaartse tendens begin toon. Dit is 'n tendens wat homself gewoonlik voor Paasnaweek voordoen. *Figuur 1* dui die weeklikse gemiddelde prys op alle markte vir alle klasse aan.


Gehalteprobleme het pryse gedurende middel-Januarie en weer in middel-Februarie onder druk geplaas. Hoë temperature ná goeie reënval was die oorsaak hiervan. Voorraadvlakke het sedert die begin van April 'n afwaartse tendens begin toon, wat daartoe gelei het dat die gemiddelde weekprys opwaarts begin beweeg het, soos in *Figuur 2* gesien kan word.

Gedurende die eerste 21 weke van 2021 het verkope op varsproduktemarke (VPM'e) met 6% toegeneem sedert 2020 se ooreenstemmende syfer, aldus *Figuur 3*. Let ook op dat 2021 nog steeds die hoogste kumulatiewe verkoopsyfer vir die laaste vyf jaar realiseer. *Figuur 4* illustreer die maandelikse verkope op VPM'e vanaf 2018.


Januarie, Februarie en April vanjaar het rekordvolumes getoon. Tot dusver was slegs Maart 2021 se verkope laer as die vier-jaar-gemiddeld. Mei se voorlopige verkope blyk heelwat laer te wees, hoofsaaklik weens baie direkte verkope uit veral die Oos-Vrystaat en Noord-Kaap. *Tabel 1* toon die aantal sakkies wat gedurende die eerste 21 weke van 2021 deur die verskeie markte verkoop is.

Die vyf grootste markte gedurende hierdie tydperk was gesamentlik verantwoordelik vir 81% van Suid-Afrika se verkope. Die gemiddelde prys (alle klasse en groottes) vir elke mark verskyn ook in *Tabel 1*. Die totale gemiddelde prys is R37.82 per 10 kg-sakkie.

**Figuur 1: Weeklikse gemiddelde prys op alle markte vir alle klasse.**




**Figuur 2: Daaglikse beskikbare voorraad vs. daaglikse gemiddelde prys: Alle klasse en alle markte.**




## Tendense by die grootste markte

Van die vyf grootste markte was Johannesburg- en Springsmarkte se gemiddelde pryse laer as die nasionale gemiddelde prys. Laasgenoemde is ook in die markmonitor-artikel van die vorige *CHIPS*-uitgawe (Mei/Junie) waargeneem. Neem egter in ag dat Johannesburg meer as 'n derde van alle aartappels bemark. Van Johannesburg se totale verkope het 79% uit Klas 1-sakkies


**Tabel 1: Verkope op VPM'e tot week 21 van 2021.**

| | | | | % van verkope op VPM'e | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mark | Aantal 10 kg-sakkies | % van totaal | Gem. prys (R/10 kg) | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 en 4 | Klas 1 M |
| Johannesburg-mark | 18 180 283 | 39,1% | 37,64 | 79% | 15% | 6% | 19% |
| Tshwane-mark | 8 950 532 | 19,3% | 38,37 | 67% | 24% | 10% | 17% |
| Durban-mark | 4 421 013 | 9,5% | 38,6 | 73% | 16% | 10% | 23% |
| Kaapstad-mark | 3 743 700 | 8,1% | 40,82 | 74% | 21% | 5% | 23% |
| Springs-mark | 2 350 717 | 5,1% | 34,48 | 64% | 24% | 11% | 15% |
| Klerksdorp-mark | 1 536 405 | 3,3% | 33,82 | 62% | 25% | 13% | 15% |
| Port Elizabeth-mark | 1 335 204 | 2,9% | 37,87 | 68% | 21% | 11% | 24% |
| Oos-Londen-mark | 1 302 720 | 2,8% | 39,98 | 70% | 21% | 9% | 22% |
| Bloemfontein-mark | 1 218 918 | 2,6% | 38,43 | 66% | 21% | 13% | 17% |
| Pietermaritzburg-mark | 1 133 338 | 2,4% | 33,66 | 56% | 26% | 17% | 14% |
| Welkom-mark | 923 387 | 2,0% | 36,68 | 61% | 24% | 15% | 13% |
| Vereeniging-mark | 467 174 | 1,0% | 31,47 | 72% | 17% | 10% | 15% |
| Mpumalanga-mark | 275 887 | 0,6% | 44,8 | 72% | 23% | 5% | 8% |
| Witbank-mark | 264 826 | 0,6% | 40,12 | 69% | 23% | 9% | 13% |
| Nelspruit-mark | 123 841 | 0,3% | 38,78 | 72% | 21% | 7% | 17% |
| Kimberley-mark | 118 163 | 0,3% | 40,99 | 59% | 22% | 19% | 3% |
| George-mark | 73 923 | 0,2% | 37,21 | 70% | 19% | 12% | 15% |
| Kei-mark (Umtata) | 66 723 | 0,1% | 32,56 | 41% | 30% | 30% | 6% |
| Totaal | 46 486 754 | 100% | 37,82 | 72% | 19% | 9% | 19% |

**Tabel 2: Voorsiening aan VPM'e tot week 21 van 2021.**


| | | | | % van verkope op VPM'e | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Streek | Aantal 10 kg-sakkies | % van totaal | Gem. prys (R/10 kg) | Klas 1 | Klas 2 | Klas 3 en 4 | Klas 1 M |
| Oos-Vrystaat | 13 585 228 | 29% | 39,11 | 66% | 22% | 12% | 13% |
| Suidwes-Vrystaat | 7 233 956 | 16% | 37,42 | 69% | 23% | 8% | 23% |
| Noordwes | 5 959 127 | 13% | 36,87 | 78% | 13% | 9% | 23% |
| KwaZulu-Natal | 5 320 851 | 11% | 37,34 | 80% | 12% | 8% | 17% |
| Wes-Vrystaat | 3 597 523 | 8% | 39,68 | 73% | 20% | 6% | 16% |
| Sandveld | 2 759 298 | 6% | 39,86 | 74% | 24% | 2% | 21% |
| Gauteng | 2 045 457 | 4% | 31,31 | 85% | 12% | 4% | 27% |
| Limpopo | 1 773 328 | 4% | 37,37 | 64% | 21% | 15% | 20% |
| Noordoos-Kaap | 1 324 873 | 3% | 38,64 | 66% | 25% | 9% | 20% |
| Mpumalanga | 1 142 230 | 2% | 32,18 | 82% | 13% | 5% | 18% |
| Noord-Kaap | 796 571 | 2% | 32,17 | 70% | 25% | 5% | 14% |
| Ceres | 781 741 | 2% | 44,47 | 85% | 8% | 7% | 29% |
| Oos-Kaap | 96 496 | 0,21% | 36,71 | 70% | 20% | 10% | 22% |
| Suidwes-Kaap | 36 780 | 0,08% | 35,63 | 81% | 18% | 1% | 24% |
| Suid-Kaap | 33 295 | 0,07% | 34,75 | 54% | 44% | 2% | 21% |
| Totaal | 46 486 754 | 100% | 37,82 | 72% | 19% | 9% | 19% |

**Figuur 3: Kumulatiewe getal 10 kg-sakkies verkoop op markte tot week 21 van elke jaar.**





| | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| Getal 10 kg sakkies | 45 372 928 | 45 214 168 | 44 538 129 | 43 874 380 | 46 486 754 |

**Figuur 4: Maandelikse verkope op markte, 2018 tot 2021: Alle verpakkings omgeskakel na 10 kg-sakkies.**




**Figuur 5: Aantal 10 kg-sakkies verkoop gedurende die eerste 21 weke, per streek (2021 vs. 2020).**




| | Oos-Vrystaat | Wes-Vrystaat | Suidwes-Vrystaat | Noordwes | KwaZulu-Natal | Sandveld |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 | 11 511 715 | 7 496 693 | 6 328 860 | 3 909 837 | 3 592 660 | 3 110 683 |
| 2021 | 13 585 228 | 7 233 956 | 5 959 127 | 5 320 851 | 3 597 523 | 2 759 298 |
| Verskil | 2 073 513 | -262 737 | -369 733 | 1 411 014 | 4 863 | -351 385 |






bestaan – die hoogste van alle markte.


Die drie grootste streke wat gedurende hierdie tydperk in die mark was, het 58% van die aartappels op markte verkoop, aldus *Tabel 2*. Ceres en die Sandveld het van die hoogste gemiddelde pryse (alle klasse en groottes) vir hierdie tydperk gerealiseer. *Tabel 2* illustreer ook die persentasie-samestelling van elke streek se Klas 1, 2, 3 en 4 wat gedurende hierdie tydperk voorsien is.

Indien ons die ses grootste streke se voorsienings vir 2021 met 2020 vergelyk, is dit duidelik dat twee streke gedurende die eerste 21 weke meer gelewer het as die vorige jaar (*Figuur 5*). Die Oos-Vrystaat het vanjaar tot dusver 2.07 miljoen sakkies meer bemark as

**Figuur 6: Maandelikse verkope van 7 kg-sakkies op markte, 2018 tot 2021: Alle klasse, markte en kultivars.**




**Figuur 7: Johannesburg-mark 2021: Gemiddelde maandelikse prys per 7 kg en 10 kg (omgeskakel na 7 kg), asook 'premie' verdien op 'n 7 kg-sakkie.**




dieselfde tyd laasjaar, en Noordwes ongeveer 1.4 miljoen sakkies meer, aldus *Figuur 5*.

*Figuur 6* dui die maandelikse verkope van 7 kg-sakkies sedert 2018 aan. In die eerste drie maande van 2021 was die aantal verkope van 7 kg-sakkies meer as die vier-jaar-gemiddeld. Vanaf April het die markte minder 7 kg-sakkies begin verkoop en het die verkope onder die vier-jaar-gemiddeld inbeweeg.

Vanaf Maart 2021 het die VPM'e ook heelwat minder 7 kg-sakkies verkoop, vergeleke met dieselfde tyd laasjaar. *Figuur 7* dui die premie vir 'n 7 kg-sakkie op die Johannesburg-mark vir die vyf maande onderskeidelik aan. Slegs gedurende Maart 2021 is 'n premie van meer as R2 (R5.14) op 'n 7 kg-sakkie verdien. Sommige produsente lewer geen 7 kg-sakkies nie, tensy hulle 'n premie van meer as R2.50 verdien. C

Vir meer inligting,
kontak Janó Bezuidenhout
by jano@potatoes.co.za